# FAKKEL-FLITSE

Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!

Hoërskool Framesby
HANDHAAF EN BOU

**UITGAWE 403 · 20 Februarie 2026**

## Afrikaans Huistaal eerste in Streek!

Die Afrikaanse vakspan het geskitter by vanjaar se graad 12-departementele toekennings. Hoërskool Framesby ontvang die sertifikaat vir die beste prestasie in Afrikaans Huistaal in die Nelson Mandela-distrik. Baie geluk aan die Afrikaans-vakspan en voormalige vakhoof, mev Jeanette Schoeman.


DEPARTMENT OF EDUCATION
NELSON MANDELA BAY DISTRICT
CERTIFICATE OF ACHIEVEMENT
This certificate is proudly presented to
Hoërskool Framesby


DEPARTMENT OF EDUCATION
NELSON MANDELA BAY DISTRICT
CERTIFICATE OF ACHIEVEMENT
This certificate is proudly presented to
Marinda Cronjé




## FRAMESBY ATLETE KOMPETEER NASIONAAL!

### ATLETIEK
### CURRO PODIUM GRAND FINALE
### 13 EN 14 FEBRUARIE 2026





WIENEKE VOIGT
DOGTERS 0.15
DRIESPRONG
2DE PLEK



DIETER VOIGT
SEUNS 0.17
400M HEKKIES
6DE PLEK



LEA MAY DE BEER
DOGTERS 15
SPIESGOOI
7DE PLEK



MINKE VAN DER MERWE
DOGTERS 0.17
HOOGSPRING
10DE PLEK

# Krieket

## o.15A – ONOORWONNE IN DIE KAAP!



## 1ste span Seuns



**wen 3/6 wedstryde**

## 1ste span Dogters



**wen 3/5 wedstryde**

FRAMESBY SE DNA
- Christelik
- Afrikaans
- Moedertaalonderrig (alle klasse enkelmedium)
- Vegters op sport- en kultuurgebied
- Waardegedrewe
- Toekomsgerig

HANDHAAF EN BOU

Rugby Ranglys
# FRAMESBY
TOP rugby skool
oor afgelope 15 jaar!

27



Ons toekoms is blou en goud!

FRAMESBY SE DNA
★ Christelik
★ Afrikaans
★ Moedertaalonderrig (alle klasse enkelmedium)
★ Vegters op sport- en kultuurgebied
★ Waardegedrewe
★ Toekomsgerig
HANDHAAF EN BOU

| # | SCHOOL | PTS | REG | TYPE | GEN | EST | 2025 | 2024 | 2023 | 2022 | 2019 | 2018 | 2017 | 2016 | 2015 | 2014 | 2013 | 2012 | 2011 | 2010 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Grey College | 364.9 | FS | Gov | Boys | 1855 | 3 | 2 | [illegible] | 2 | [illegible] | [illegible] | 3 | 2 | 6 | [illegible] | 3 | 4 | [illegible] | [illegible] |
| 2 | Paarl Gim | 346.0 | WP | Gov | CoEd | 1858 | [illegible] | 3 | 3 | [illegible] | 2 | 4 | 6 | 4 | 3 | 3 | [illegible] | 3 | 12 | 2 |
| 3 | HJS Paarl BH | 329.0 | WP | Gov | Boys | 1868 | [illegible] | 8 | 9 | 3 | 3 | 6 | [illegible] | [illegible] | [illegible] | 9 | 8 | [illegible] | 2 | 4 |
| 4 | Paul Roos | 407.1 | WP | Gov | Boys | 1866 | 5 | [illegible] | 8 | 9 | 8 | 2 | 5 | 11 | 4 | 2 | 23 | 7 | 8 | 6 |
| 5 | Affies | 479.9 | BUL | Gov | Boys | 1920 | 4 | 4 | 12 | 4 | 15 | 16 | 10 | 3 | 2 | 18 | 2 | 2 | 4 | 8 |
| 6 | Monument | 447.1 | LIO | Gov | CoEd | 1951 | 18 | 19 | 20 | 8 | 6 | 15 | 1 | 5 | 5 | 5 | 11 | 13 | 5 | 7 |
| 7 | Garsfontein | 380.4 | BUL | Gov | CoEd | 1980 | 7 | 6 | 3 | 5 | 4 | 18 | 30 | 14 | 23 | 4 | 6 | 19 | 30 | |
| 8 | Grey HS | 382.1 | EP | Gov | Boys | 1856 | 24 | 36 | 25 | 19 | 10 | 24 | 8 | 17 | 10 | 6 | 13 | 10 | 15 | 14 |
| 9 | Oakdale | 378.1 | SWD | Gov | Boys | 1918 | 6 | 13 | 38 | 18 | 45 | 11 | 23 | 13 | 13 | 30 | 10 | 26 | 19 | 22 |
| 10 | Outeniqua | 377.1 | SWD | Gov | CoEd | 1924 | 17 | 40 | 4 | 11 | 20 | 17 | 28 | 20 | 12 | 14 | 4 | 5 | 30 | 41 |
| 11 | Glenwood | 346.0 | KZN | Gov | Boys | 1910 | 28 | | 25 | 19 | 17 | 3 | 14 | 9 | 33 | 8 | 20 | 21 | 20 | 15 |
| 12 | Boland Landbou | 343.0 | WP | Gov | Boys | 1925 | 18 | 18 | 5 | 31 | 29 | 17 | 13 | 12 | 13 | 31 | 44 | 16 | 29 | 20 |
| 13 | Waterkloof | 332.0 | BUL | Gov | CoEd | 1976 | 25 | 9 | 17 | 28 | 42 | | 12 | 47 | 24 | 15 | 16 | 12 | 7 | 9 |
| 14 | Selborne | 320.1 | BOR | Gov | Boys | 1872 | 40 | 41 | 30 | 24 | 12 | 5 | 31 | 7 | 8 | 11 | 22 | | 6 | 34 |
| 15 | KES | 318.4 | LIO | Gov | Boys | 1902 | 31 | 18 | 28 | 13 | 11 | 36 | 4 | 43 | 38 | 25 | | 17 | 3 | 17 |
| 16 | EG Jansen | 317.1 | VAL | Gov | CoEd | 1975 | 43 | 7 | 18 | 25 | 22 | | 46 | 6 | 9 | 10 | 5 | 39 | 31 | 23 |
| 17 | Rondebosch | 306.1 | WP | Gov | Boys | 1897 | 11 | 12 | 33 | 7 | 21 | 27 | 32 | 28 | 32 | | 30 | 44 | 13 | 24 |
| 18 | Hilton | 288.4 | KZN | Pvt | Boys | 1872 | 14 | 11 | 6 | 6 | 14 | 8 | 19 | 26 | | | | 30 | | 16 |
| 19 | Bishops | 279.5 | WP | Pvt | Boys | 1849 | 40 | | 22 | 20 | 15 | 16 | 37 | 40 | 17 | 22 | 36 | | 11 | 5 |
| 20 | Wynberg | 265.0 | WP | Gov | Boys | 1841 | 12 | 23 | 34 | 15 | 50 | 7 | | | | 7 | 15 | 13 | 33 | 43 |
| 21 | Stellenberg | 258.4 | WP | Gov | CoEd | 1980 | 13 | 38 | 15 | 10 | 13 | 26 | 9 | 47 | 26 | 27 | 41 | | | 37 |
| 22 | Jeppe | 258.0 | LIO | Gov | Boys | 1890 | 19 | 13 | 11 | 30 | 26 | 13 | | 18 | 36 | 30 | 29 | | 40 | 28 |
| 23 | Westville | 254.6 | KZN | Gov | Boys | 1955 | 9 | 24 | 35 | 49 | 24 | | 40 | | 27 | 21 | 9 | 32 | 23 | 10 |
| 24 | Maritzburg College | 259.4 | KZN | Gov | Boys | 1863 | 20 | 20 | 21 | 41 | 34 | | | 49 | 20 | 13 | 34 | 25 | 25 | 18 |
| 25 | St Andrew's | 248.1 | EP | Pvt | Boys | 1855 | 22 | 47 | 33 | 50 | 7 | 29 | 15 | | 44 | 38 | 24 | 31 | | 3 |
| 26 | Helpmekaar | 242.1 | LIO | Pvt | CoEd | 1921 | 10 | 44 | 23 | 40 | 9 | 10 | 7 | 8 | 36 | 41 | | | 40 | |
| 27 | Framesby | 236.0 | EP | Gov | CoEd | 1960 | | 38 | 43 | 12 | 5 | 21 | 22 | | | 33 | 38 | 19 | 24 | 35 |
| 28 | Diamantveld | 232.9 | NRN | Gov | CoEd | 1945 | 32 | 22 | | 33 | 35 | 30 | 50 | 22 | 18 | 25 | 50 | 20 | 35 | 27 |
| 29 | Drostdy | 226.6 | BOL | Gov | CoEd | 1920 | 38 | | | 26 | 47 | 12 | 18 | 44 | 40 | | 19 | 27 | 10 | 19 |
| 30 | Nelspruit | 224.1 | PUM | Gov | CoEd | 1936 | 40 | 32 | | 17 | | 47 | 21 | 24 | 15 | 12 | 12 | | 45 | 32 |
| 31 | Michaelhouse | 220.4 | KZN | Pvt | Boys | 1896 | 53 | 14 | 7 | 29 | | | | 46 | 7 | 18 | | 9 | 43 | 42 |
| 32 | Kearsney | 218.1 | KZN | Pvt | Boys | 1921 | 44 | | 31 | | | 28 | 26 | 18 | 46 | 35 | 7 | 24 | 19 | 36 |
| 33 | Durban HS | 215.0 | KZN | Gov | Boys | 1866 | 8 | 5 | 10 | 14 | | 20 | 16 | 40 | | | | | 38 | 49 |
| 34 | Noord-Kaap | 208.0 | NRN | Gov | CoEd | 1940 | | | | | 35 | | 17 | | 18 | | 14 | 6 | 8 | 13 |
| 35 | Queen's | 205.0 | BOR | Gov | Boys | 1858 | 23 | 26 | 26 | 23 | | | 36 | 41 | | 45 | 21 | 22 | 10 | |
| 36 | Marlow | 204.0 | EP | Gov | Boys | 1931 | | | 25 | 21 | | 22 | 42 | 37 | 28 | 32 | 28 | | 42 | 32 |
| 37 | Dale | 201.1 | BOR | Gov | Boys | 1861 | | | | | 37 | 40 | 34 | 18 | 48 | 34 | | 14 | 19 | 33 |
| 38 | Menlopark | 179.6 | BUL | Gov | CoEd | 1968 | 21 | | | | 23 | 16 | 46 | | | 19 | 25 | 40 | 37 | 26 |
| 39 | Welkom Gim | 175.0 | GRT | Gov | CoEd | 1950 | | 23 | 19 | | 19 | 23 | 29 | 19 | 21 | | | | | |
| 40 | SACS | 173.4 | WP | Gov | Boys | 1829 | 30 | 28 | | | | | 11 | 15 | 22 | | 27 | 23 | 41 | |
| 41 | HTS Middelburg | 169.6 | PUM | Gov | CoEd | [illegible] | 47 | 30 | | | | | | 27 | 14 | 16 | 19 | 43 | 17 | |
| 42 | Eldoraigne | 147.0 | BUL | Gov | CoEd | 1978 | | | 47 | 38 | 38 | 32 | 25 | 33 | 16 | 50 | | | | 29 |
| 43 | Brandwag (EP) | 136.1 | EP | Gov | CoEd | [illegible] | 41 | | | 32 | 37 | 33 | 36 | | 42 | 29 | 31 | | 40 | |
| 44 | Ben Vorster | 128.5 | LIM | Gov | CoEd | 1962 | | | | | 27 | 25 | 38 | 23 | | | | 42 | 40 | 23 |
| 45 | Voortrekker (Beth) | 121.1 | GRT | Gov | CoEd | [illegible] | | 25 | | 42 | | | | 36 | 43 | 24 | 33 | 29 | | |
| 46 | Transvalia | 116.7 | VAL | Gov | CoEd | 1940 | 35 | | 45 | | | 9 | 37 | | | 26 | 43 | 49 | | |
| 47 | Ringwood | 115.4 | EP | Pvt | CoEd | [illegible] | | 28 | 30 | 39 | 33 | 45 | | 21 | | | | | | 45 |
| 48 | Kempton Park | 103.0 | VAL | Gov | CoEd | 1950 | | | | | | | | | 45 | 22 | 38 | 8 | 27 | |
| 49 | Tygerberg | 100.6 | WP | Gov | CoEd | [illegible] | | | | | | | | | | 35 | 39 | 35 | 31 | 11 |
| 50 | Nico Malan | 101.5 | EP | Gov | CoEd | [illegible] | 29 | 33 | | | | 42 | | | 50 | 49 | 32 | 36 | 30 | |
| 51 | Jim Fouche | 97.6 | FS | Gov | CoEd | [illegible] | | | 46 | 44 | 47 | | | | | 40 | 46 | 48 | 22 | 38 |
| 52 | Nico Malan | 101.2 | EP | Gov | CoEd | [illegible] | 29 | 33 | | | | 47 | | | 50 | 49 | 32 | 36 | 30 | |
| 53 | Louis Botha | 89.6 | FS | Gov | CoEd | [illegible] | | | | | | | 49 | | 38 | 37 | 33 | 43 | | 39 |
| 54 | Durbanville | 87.1 | WP | Gov | CoEd | 1827 | 26 | | 27 | 47 | 28 | | | 45 | | | 41 | | | 46 |
| 55 | Pretoria BH | 81.7 | BUL | Gov | Boys | 1901 | 37 | | | | 49 | | 32 | | | | 17 | 28 | 49 | 47 |
| 56 | Noordheuwel | 66.5 | BL | Gov | CoEd | [illegible] | 15 | 17 | 16 | 22 | | | | | | | | | | |
| 57 | Lichtenburg | 74.7 | LEO | Gov | CoEd | [illegible] | | 32 | | | 33 | 49 | 41 | 31 | | | | | | |
| 58 | Hugenote | 67.5 | BOL | Gov | CoEd | [illegible] | | 43 | | | | 46 | | | | 48 | | 34 | 26 | |
| 59 | Rustenburg | 73.8 | LEO | Gov | CoEd | [illegible] | 34 | 50 | 24 | 45 | | 34 | | | | | | | | 44 |
| 60 | Potch Gim | 68.1 | LEO | Gov | CoEd | 1907 | | 48 | | | 48 | 41 | 35 | | 25 | | | | | |
| 61 | Sentraal | 64.4 | FS | Gov | CoEd | [illegible] | | | | | 43 | | | | 48 | 42 | | 36 | 47 | 48 |
| 62 | Oos-Moot | 60.6 | BUL | Gov | CoEd | [illegible] | | 49 | 38 | 43 | | | | 38 | 37 | | | | | |
| 63 | Middelburg | 45.1 | PUM | Gov | CoEd | [illegible] | 48 | 35 | 39 | 45 | 44 | | | | | | | 41 | | |
| 64 | Northwood | 78.4 | KZN | Gov | Boys | 1950 | 16 | 10 | | | 16 | | | | | | | | | |
| 65 | Florida | 60.1 | LIO | Gov | CoEd | [illegible] | | | | | | | | | | | | 49 | 39 | 12 |
| 66 | St John's | 56.1 | LIO | Pvt | Boys | 1898 | | | | | 25 | 36 | 33 | | | | | | | |
| 67 | Brackenfell | 54.6 | WP | Gov | CoEd | [illegible] | | | | | | 48 | 30 | 32 | | | 46 | | | |
| 68 | Bellville | 52.8 | WP | Gov | CoEd | [illegible] | | | | | 48 | 38 | | | 35 | | 37 | | | |
| 69 | Tele | 52.4 | EP | Gov | CoEd | [illegible] | | | | | | | 44 | | 31 | 42 | | | | 38 |
| 70 | Hudson Park | 50.1 | BOR | Gov | CoEd | [illegible] | | | | 34 | | | 47 | 33 | | | | 50 | | |
| 71 | Graeme | 48.6 | EP | Gov | CoEd | [illegible] | 37 | | 44 | 37 | | | 45 | | | | | | | |
| 72 | Worcester Gim | 48.0 | BOL | Gov | CoEd | [illegible] | | 46 | | | | | | 38 | 30 | | | | | |
| 73 | Daniel Pienaar | 42.7 | EP | Gov | Boys | [illegible] | | | | | | | | | | | | 18 | 36 | |
| 74 | Klerksdorp | 37.8 | LEO | Gov | CoEd | [illegible] | | | | 26 | | | | | | 37 | 48 | | | |
| 75 | Pietersburg | 35.8 | LIM | Gov | CoEd | [illegible] | | | 46 | | | | | 23 | | | | | | 50 |
| 76 | Swartland | 34.8 | BOL | Gov | CoEd | [illegible] | | | | | | | | 45 | | | | | | 30 |
| 77 | Goudveld | 33.4 | GRT | Gov | CoEd | [illegible] | | | | | 35 | 31 | | | | | | | | |
| 78 | Secunda | 33.0 | PUM | Gov | CoEd | 1975 | | | 41 | 27 | | | | | | | | | | |
| 79 | Marais Viljoen | 32.0 | LIO | Gov | CoEd | [illegible] | | | 42 | | | | | | 29 | | | | | |
| 80 | Augsburg | 31.0 | Bel | Gov | CoEd | [illegible] | | | | | | | | | | 40 | | 32 | | |
| 81 | Die Anker | 30.7 | VAL | Gov | CoEd | [illegible] | | | 40 | 33 | | | | | | | | | | |
| 82 | Pionier | 29.6 | KZN | Gov | CoEd | [illegible] | | | | | 30 | 43 | | | | | | | | |
| 83 | De Kuilen | 27.7 | WP | Gov | CoEd | [illegible] | | | | | | | | | | 48 | | | 32 | |
| 84 | Heidelberg VS | 27.2 | VAL | Gov | CoEd | [illegible] | | | 46 | 48 | | | | | 47 | | | | | |
| 85 | Richardspark | 25.0 | FS | Gov | CoEd | [illegible] | | | 33 | | | | | 49 | | | | | | |
| 86 | Milnerton | 23.6 | WP | Gov | CoEd | [illegible] | 39 | 34 | | | | | | | | | | | | |
| 87 | Vereeniging Gim | 22.1 | VAL | Gov | CoEd | [illegible] | | | | | | | | 25 | | | | | | |
| 88 | Wesvalia | 20.0 | LEO | Gov | CoEd | [illegible] | | 27 | | | | | | | | | | | | |
| 89 | Charlie Hofmeyr | 18.6 | BOL | Gov | CoEd | [illegible] | | 33 | | | | | | | | | | | | |
| 90 | Potch Volkskool | 17.0 | LEO | Gov | CoEd | [illegible] | | | | | | 48 | | 50 | | | | | | |
| 91 | St Stithians | 15.0 | LIO | Pvt | Boys | [illegible] | 45 | | | | 43 | | | | | | | | | |
| 92 | Clifton | 13.4 | KZN | Pvt | Boys | [illegible] | | | | | | 46 | | | | | | | | |
| 93 | Wonderboom | 14.1 | BUL | Gov | CoEd | [illegible] | | | | | | | | | 41 | | | | | |
| 94 | St Charles | 12.2 | KZN | Pvt | Boys | [illegible] | | 42 | | | | | | | | | | | | |
| 95 | Landbouskool | 10.6 | NRN | Gov | CoEd | [illegible] | | | | | | | | | | 46 | | | | |
| 96 | Duineveld | 10.7 | GRN | Gov | CoEd | 1964 | | 45 | | | | | | | | | | | | |
| 97 | Strand | 10.0 | WP | Gov | CoEd | [illegible] | | | | | | | | | | | 45 | | | |
| 98 | Ermelo | 9.5 | PUM | Gov | CoEd | [illegible] | | | | | | | | | | | | 47 | | |
| 99 | Hentie Cilliers | [illegible] | GRT | Gov | CoEd | [illegible] | | | | | | | | | | | 47 | | | |
| 100 | Pearson | 7.5 | EP | Gov | CoEd | [illegible] | | | 50 | | | | | | | | | | | |

# VCSV KAMP

## 13 – 15 Februarie





FRAMESBY SE VCSV-KAMP HET VAN 13 TOT 15 FEBRUARIE TE BOKNES-VOORTREKKERKAMPGRONDE PLAASGEVIND. MNR. R BOTHA EN ME. C COETZER HET DIE LEERDERS VERGESEL. DIE TEMA WAS "SO LIEF HET HY MY" EN DIT WAS 'N BESONDERSE EN VERRYKENDE ERVARING. DIE KAMP IS FASILITEER DEUR TREE EN MNR BOTHA. PASTOOR M. COETZER HET OOK DIE WOORD BEDIEN. MNR. BOTHA SE VROU, MARIAAN, HET OOK KOM HELP OM HEERLIKE KOS TE MAAK. LEERDERS HET SAAM UIT DIE WOORD VAN GOD GELEER, LEKKER GEËET EN WAARDEVOLLE TYD SAAM DEURGEBRING, MET GENOEG GELEENTHEDE OM MEKAAR BETER TE LEER KEN EN STERK VERHOUDINGS TE BOU.







# COASTAL INTERHOËR 2026

**Aangebied deur Hoërskool Framesby**

**21 Februarie 2026**

Brandwag — DF Malherbe — Framesby — Grey

Nico Malan — Pearson — Victoria Park

FRAMESBY SE DNA
★ Christelik
★ Afrikaans
★ Moedertaalonderrig (alle klasse enkelmedium)
★ Vegters op sport- en kultuurgebied
★ Waardegedrewe
★ Toekomsgerig
HANDHAAF EN BOU

COASTAL INTERHOËR

# UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Beste Ouers

Ek plaas graag die volgende berig wat in Maroela Media verskyn het en wat weer die belangrikheid van moedertaalonderrig onderstreep.

Die voordele van moedertaalonderrig is nie 'n ongegronde debat wat deur emosies gedryf word nie, maar 'n opvoedkundige beginsel wat deur omvangryke navorsing gesteun word. Dit beïnvloed leervermoë, akademiese uitkomste, selfvertroue, ekonomiese deelname en kulturele voortbestaan.

Met die oog op Internasionale Moedertaaldag, wat jaarliks op 21 Februarie gevier word, word die wêreld opnuut herinner aan die onmisbare rol wat moedertaalonderrig in kinders se ontwikkeling speel.

Hier is tien redes waarom moedertaalonderrig onontbeerlik is:

- MOEDERTAAL VORM DIE GRONDSLAG VAN VERDERE LEER. Kinders verstaan nuwe konsepte beter wanneer dit in hul moedertaal aangebied word, veral abstrakte begrippe in vakke soos wiskunde en wetenskap.
- HOE LANGER MOEDERTAALONDERRIG VOORTDUUR, HOE BETER DIE UITKOMSTE. Navorsing dui daarop dat hoe langer leerders in hul moedertaal onderrig word, hoe beter hul uiteindelike akademiese prestasie is. Dit geld veral vir die eerste ses jaar van formele skoolonderrig.
- MOEDERTAALONDERRIG ONDERSTEUN KOGNITIEWE ONTWIKKELING. Kritiese denke, probleemoplossing en kreatiwiteit ontwikkel beter wanneer 'n kind nie eers moet "vertaal" om te verstaan nie.
- 'N STERK MOEDERTAAL MAAK MEERTALIGHEID MOONTLIK. Kinders wat eers in hul moedertaal leer lees en skryf, leer makliker 'n tweede en selfs 'n derde taal aan.
- SELFVERTROUE GROEI WANNEER 'N KIND HOM- OF HAARSELF VLOT KAN UITDRUK. Taalverwarring in die klas lei dikwels tot onsekerheid en leerprobleme.
- MOEDERTAALONDERRIG BEVORDER EMOSIONELE STABILITEIT. Die taal van die huis is ook die taal van identiteit en geborgenheid.
- DIT DRA BY TOT EKONOMIESE VOORUITGANG. Studies dui daarop dat sterk moedertaalonderrig verband hou met laer werkloosheidsvlakke binne taalgemeenskappe.
- TAAL IS MEER AS 'N KOMMUNIKASIEMIDDEL. Dit dra kultuur, waardes en 'n unieke manier van dink oor. Wanneer 'n taal uit formele onderwys verdwyn, verskraal 'n gemeenskap se kulturele diepte.
- DIE VERLIES VAN MOEDERTAALONDERRIG BETEKEN DIE VERLIES VAN HOËR TAALFUNKSIES. As 'n taal nie in skole, universiteite en howe gebruik word nie, verloor dit status en ontwikkelingsruimte.
- TAALVERLIES IS WÊRELDWYD 'N WERKLIKHEID. Byna die helfte van die wêreld se tale kan binne enkele geslagte uitsterf en met elke taal wat verdwyn, gaan 'n unieke wêreldbeskouing verlore.

Moedertaalonderrig gaan in wese dus oor baie meer as punte en slaagsyfers. Dit gaan oor die oordrag van kennis, waardes en identiteit van een generasie na die volgende en oor die behoud van taaldiversiteit in 'n meertalige land.

Ouers, ek wil graag die volgende belangrike punte vir u uitlig:

A) AFWESIGHEID

Afwesigheid van leerders wek kommer. Ons doen 'n beroep op ouers om toe te sien dat leerders skool bywoon. Teenwoordige leerders is ook suksesvolle leerders.

B) DINSDAG 24 FEBRUARIE 2026

Neem kennis die skool sluit om 12:00 as gevolg van ons Opedag.

C) COASTAL INTERHOËR – SATERDAG 21 FEBRUARIE 2026

Neem kennis dat die Coastal Interhoër nou by HS Framesby plaasvind. Indien leerders kom ondersteun, moet hulle in skoolklere wees.

D) RESPEK VIR EIENDOM

Ons versoek is dat leerders die terrein asseblief sal skoonhou. Rommel moet in vullishouers gegooi word. Kom ons wees trots op ons mooi terrein, ook in ons klaskamers en busse.

E) FAKKELFLITS

Die bestudering van die weeklikse Fakkelflits word sterk aanbeveel. Dit is 'n uitbouing van inligting na u as ouer. Dit is op Framesby se Facebook-blad beskikbaar.

F) KWARTAALPROGRAM

Aangeheg die eerste kwartaal se kwartaalprogram. Neem kennis dat daar veranderings is.

G) AKADEMIE

SBA-ASSESSERINGS VIR KWARTAAL

Die volledige lys van alle SBA-assesserings is aan die nuusbrief geheg.

H) FINANSIES

Baie dankie aan elke ouer wat sy/haar plig nakom met die betaling van beide die skoolfonds- en addisionele rekeninge. Ons waardeer u samewerking opreg.

Ons wil egter 'n vriendelike beroep op ouers doen om asseblief noukeurig aandag te skenk aan die korrekte gebruik van VERWYSINGSNOMMERS, sodat betalings reg en betyds geallokeer kan word.

Gebruik asseblief die volgende verwysingsnommers:

Skoolfonds: Gebruik u rekeningnommer as verwysing (vier-syferkode).
Addisionele betalings: Gebruik A + u vier-syferkode as verwysing.

Indien u enige navrae per e-pos rig, versoek ons vriendelik dat u asseblief u rekeningnommer in die onderwerp (subject line) van die e-pos vermeld. Dit stel ons in staat om navrae spoedig en doeltreffend te hanteer.

U samewerking in hierdie verband help ons administrasie om betalings en navrae vinnig en akkuraat te verwerk. Baie dankie vir u ondersteuning.

Ouers, ek sluit af deur u te bedank vir u ondersteuning. Dit wat Hoërskool Framesby u leerder in 2026 op alle terreine bied, is voorwaar 'n winskopie. Hierdie geleenthede teen ons huidige skoolfonds sal u by min skole kry. Soos ek dikwels vir u sê: die toekoms is blou en goud. Kom ons werk almal daaraan om dit so te hou.

MARIUS GERMISHUYS



# Weeklikse Beplanning

## Saterdag

21 Februarie

**ATLETIEK:**
Coastal Interhoër
(FRAMESBY)
**TENNIS:**
Tjaart Vorster Top 7
Seuns & Dogters
(Cradock)
**KRIEKET SEUNS:**
1ste +0/15A vs Muir (t)
2des+0/14A vs Muir (w)
**KRIEKET DOGTERS:**
Woodridge Fees (w)
**KULTUUR:**
**LANDSDIENS**
Klubkamp (t)
**GHOLF:**
Selborne Fees (w)
[Olivewood]

## Sondag

22 Februarie

**TENNIS:**
Tjaart Vorster Top 7
Seuns & Dogters
(Cradock)
**GHOLF:**
Selborne Fees (w)
[Oos Londen]
**TWEEKAMP:**
OP Kampioenskappe

## Maandag

23 Februarie

Dag 6
DH: BOS
SAAL: Juniors
[Gideon's]
**AKADEMIE:**
Gr. 10-12 Gesk (60min)
Boekkontrole eindig
**NETBAL:**
16:00 0/14 Proewe 1
**GHOLF:**
Liga
**KRIEKET SEUNS:**
0/14A Liga vs Pearson
(w)
**RUGBY:**
16:00 Senior Proewe
[Oefengroep]

## Dinsdag

24 Februarie

Dag 7
**AKADEMIE:**
Gr. 8-9 Wisk (60min)
Gr. 10+12 LW Prakties
(30min)
Gr. 11 Geo (60 min)
**OPEDAG GR. 7**
TENNIS:
Dogtersliga

## Woensdag

25 Februarie

Dag 1
**AKADEMIE:**
Gr. 8-9 Afr (65min)
Gr. 10-12 FW (60min)
**NETBAL:**
15:15 0/14 Proewe 2
**KRIEKET SEUNS:**
0/15 Liga+Senior Liga

## Donderdag

26 Februarie

Dag 2
**AKADEMIE:**
Gr. 10-11 Rek (50min)
Gr. 12 RTT Prakties
(60min)
**NETBAL:**
14:15 0/15 Proewe
16:00 0/16 Proewe
**TENNIS:**
Seunsliga
**KRIEKET DOGTERS:**
Liga vs Alexander Road
**RUGBY:**
16:00 0/13 OP
Rugbyoefening

## Vrydag

27 Februarie

Dag 3
**AKADEMIE:**
Gr. 10 RTT Prakties
(60min)
Gr. 11 LW Prakties
(30min)
Gr. 12 Rek (50min)
**NETBAL:**
14:15 0/17+0/19 Proewe
16:00 0/14 Proewe Finaal
**SKAAK:**
Ope Skaaktoernooi
(Pearson)
**SWEM:**
B-Liga Top 8 Gala
Newton Park
Oos-Kaap
Kampioenskappe [Oos-
Londen)




FRAMESBY SE DNA

- Christelik
- Afrikaans
- Moedertaalonderrig (alle klasse enkelmedium)
- Vegters op sport- en kultuurgebied
- Waardegedrewe
- Toekomsgerig

HANDHAAF EN BOU

# Weeklikse Terugflitse

Wat het ons verlede week hier by Hoërskool Framesby aan die gang gehad? Ons het die week sterk afgeskop met die Seniors van HSF se eerste deurlopende Wiskundetoets van die jaar. Was dit maklik? Ons kan net goeie punte in Framesby verwag! Sterkte aan al die leerders met die toetse wat voorlê.

Woensdag het 28 van Framesby se top atlete die skoolgronde verlaat en die lang pad Pretoria toe aangepak om aan die Curro Podium Grand Finale deel te neem. Dis 'n voorreg om te sê dat goeie uitslae terug Framesby toe gebring is.

Die 10de Februarie was nie net 'n normale Dinsdag hier by Framesby nie. Dit was die kroning van 2026 se Mnr. en Mej. Framesby. Ons Framesby-familie is so trots op al die deelnemers en die harde werk wat hulle ingesit het. Bevoorreg om Me-Jean Du Preez en Nico Barkhuysen ons Mnr. en Mej. Framesby te noem.

Donderdagaand het Framesby die liefde gevier met 'n Valentynssokkie. Baie positiewe terugvoering het daartoe gelei dat hierdie sokkie suksesvol en omtrent enig in sy soort was. Elke Framesby-leerder het hulself gate uit geniet op die dansvloer. Dis mos lekker om in Framesby te is!

-Marcelle de Kock

# MNR EN MEJ FRAMESBY 2026

## DANKIE AAN ONS BORGE!

Die TOP 24-ouers
Hankey Golf Club
EDGE Fitness Club
Juffrou Havenga
Skoonheid Salon
Glam by Zhandré
DSD Photography
Unity's Beauty Salon
Sacramento Restaurant
Cutting Edge Craft
Sophisticate Models
First Battery Centre PE
Love it Nails & Beauty
Nonnie's Cleaning Services
Shag High Voltage Hair
Rosa Anata Hair Studio
Cindy's Garland Galore & More
Talking Hands Hair Salon
MJ du Preez Photography
Supreme Model Academy
The Local Choice Pharmacy Walker Drive
Oom Jan by The Driving School
Hair Explosion CC

Mimosa
ASJ Billing
Hair Haven
Joy4Kidz
Funky Salon
Perfect Scents
4T4 Industries
Euphoria Salon
Seafoodboil GQ
Rangers Express
MDK Hair Studio

FRAMESBY SE DNA
★ Christelik
★ Afrikaans
★ Moedertaalonderrig (alle klasse enkelmedium)
★ Vegters op sport- en kultuurgebied
★ Waardegedrewe
★ Toekomsgerig
HANDHAAF EN BOU

# MNR EN MEJ FRAMESBY 2026

Dirk Moggee





































FRAMESBY SE DNA

- Christelik
- Afrikaans
- Moedertaalonderrig (alle klasse enkelmedium)
- Vegters op sport- en kultuurgebied
- Waardegedrewe
- Toekomsgerig

HANDHAAF EN BOU

# KULTUUR BY FRAMESBY

## Karli de Beer




Karli de Beer (graad 10) het Suid-Afrika in Januarie verteenwoordig by die internasionale virtuele kompetisie vir die uitvoerende kunste, Stars of the Universe.

Karli het in die kategorie Dans: Lyrical/Contemporary/Modern (15 – 17 jaar) deelgeneem en silwer ontvang.

Sy ontvang ook FPASA nasionale kleure in Uitvoerende Kunste.

Baie geluk!

## Jessica Chandler

Ons is ongelooflik trots op Jessica Chandler (graad 11), wat gekies is vir die produksie "Dis hoekom ek dit nie kan geverstaan het nie". Chester Miggels is die dramaturg en die regisseur is Martlie Jordaan, oudonderwyser van Framesby. Die produksie gaan op 21 Februarie 2026 by die Adam Small-fees op Pniël en later in die jaar ook by ander feeste opgevoer word.




FRAMESBY SE DNA
★ Christelik
★ Afrikaans
★ Moedertaalonderrig (alle klasse enkelmedium)
★ Vegters op sport- en kultuurgebied
★ Waardegedrewe
★ Toekomsgerig
HANDHAAF EN BOU

# Lienkie Grobler



Baie geluk aan Marlien Grobler in graad 9 wat haar Trinity Graad 5 Fluit met meriete en Graad 5 Klavier met lof geslaag het



## ATKV Sweepslag *Ontdek jou vel*





ATKV Sweepslag het op 17 Februarie 'n "Ontdek jou vel"-werkswinkel aangebied. Tydens die sessie het me. Coetzer die leerders meer geleer oor goeie velsorg, die belangrikheid van 'n goeie roetine en hoe om hul vel reg te versorg. Die praatjie is afgesluit met 'n mini-gesigsbehandeling - 'n prettige en leersame ervaring vir almal!





# HOOGLAND KOORFEES

**DONDERDAG, 23 APRIL 2026**
**18:30**

**VENUE:**
**NGK PE HOOGLAND**

---

**LAERSKOOL MOUNT PLEASANT**
SENIORKOOR

**LAERSKOOL CHARLO**
JUNIOR & SENIORKOOR

**LAERSKOOL KABEGA PARK**
JUNIOR & SENIORKOOR

**LAERSKOOL SUMMERWOOD**
JUNIORKOOR

**HOËRSKOOL DF MALHERBE**

**HOËRSKOOL FRAMESBY**

**ARBITRIO MANNEKOOR**

**R80 QUICKET**
**R50 ONLINE**

FRAMESBY SE DNA
Christelik
Afrikaans
Moedertaalonderrig (alle klasse enkelmedium)
Vegters op sport- en kultuurgebied
Waardegedrewe
Toekomsgerig
HANDHAAF EN BOU

PE HOOGLAND
Geloof deur liefde tot dade

Quicket
EXPERIENCE AWESOME

# MEDIASENTRUM

## Hoofprefekte







## Prefek van die maand




FRAMESBY SE DNA
- Christelik
- Afrikaans
- Moedertaalonderrig (alle klasse enkelmedium)
- Vegters op sport- en kultuurgebied
- Waardegedrewe
- Toekomsgerig

HANDHAAF EN BOU

Met ń goeie doel

# PAASEIER PROJEK

## BRING SOVEEL PAASEIERS AS WAT JY KAN !

Vanaf 9 Feb tot einde Maart
Handig in by jou voogklas
MB's sal dit aan die einde van
elke week kom haal !

VOOGKLAS MET DIE MEESTE PAASEIERS WEN Ń PRYS

FRAMESBY SE DNA
★ Christelik
★ Afrikaans
★ Moedertaalonderrig (alle klasse enkelmedium)
★ Vegters op sport- en kultuurgebied
★ Waardegedrewe
★ Toekomsgerig
HANDHAAF EN BOU

# ATLETIEK

## Curro Podium Grand Finale

Tydens die Curro Podium Grand Finale wat op 13 en 14 Februarie 2026 te Pilditch Stadion, Pretoria plaasgevind het, het Framesby se span van 14 seuns en 14 dogters teen die top atletiekskole in die land deelgeneem.

Ons atlete het teen die beste in die land deelgeneem en die kompetisie was besonders sterk. Ons het 4 top 10-plekke behaal:

| Atleet | Ouderdomsgroep | Item | Posisie |
|---|---|---|---|
| Wieneke Voigt | Dogters 15 | Driesprong | 2de plek |
| Dieter Voigt | Seuns 17 | 400m hekkies | 6de plek |
| Lea May de Beer | Dogters 15 | Spiesgooi | 7de plek |
| Minke van der Merwe | Dogters 17 | Hoogspring | 10de plek |

Die kompetisie is baseer op die APE-puntetabelle, waarvan die hoogste moontlike punt vir skoolatlete 1000 punte is.

Ons top 3-dogters en -seuns volgens APE-punte is as volg:

| | Atleet | Items | Punte Totaal |
|---|---|---|---|
| Dogters | Romy Meurs | 100m & 200m | 1550 |
| | Wieneke Voigt | Driesprong & Verspring | 1498 |
| | Meke de Vries | 400m & 400m hekkies | 1489 |
| Seuns | Dieter Voigt | 110m hekkies & 400m hekkies | 1655 |
| | Guerra Ntuli | 1500m & 3000m | 1480 |
| | Wikus Strydom | 100m & Verspring | 1251 |

Die Curro Podium Grand Finale is bekend as die nie-amptelike nasionale kampioenskap van skole. 58 skole het in die finaal meegeding het en Framesby eindig 31ste.













FRAMESBY SE DNA
★ Christelik
★ Afrikaans
★ Moedertaalonderrig (alle klasse enkelmedium)
★ Vegters op sport- en kultuurgebied
★ Waardegedrewe
★ Toekomsgerig
HANDHAAF EN BOU

# KRIEKETUITSLAE

**Framesby 3de teen Bergsig 1ste @ Framesby**
11 Februarie 2026
15 boulbeurte

Beste Kolwers:
* Owen Wessels teken 57 lopies van 44 balle aan.
* Morné Meiring teken 28 lopies van 16 balle aan.

Beste Boulers:
* Damian van Niekerk neem 3 paaltjies vir 13 lopies.
* Owen Wessels neem 2 paaltjies vir 17 lopies.

Framesby wen met 27 lopies.

**Framesby 4des teen Lawson Brown @ Lawson Brown**
11 Februarie 2026
20 boulbeurte

Beste Kolwers:
* Lukas Jacobs teken 62 lopies, nie uit nie, aan.
* Reon Saaiman teken 27 lopies aan.
* Chales Blignaut teken 21 lopies aan.

Beste Boulers:
* Chales Blignaut neem 4 paaltjies vir 4 lopies.
* Marko le Roux neem 2 paaltjies vir 10 lopies.

Framesby wen met 127 lopies.

**Framesby 1ste teen Hoërskool Punt 1ste @ Hoërskool Punt**
11 Februarie 2026
35 boulbeurte

Beste Kolwers:
* Miles Feltham teken 51 lopies van 57 balle aan.
* Renquin Goliath teken 50 lopies van 40 balle aan.
* Dandré Henwick teken 40 lopies van 30 balle aan.

Beste Boulers:
* Egan Julyan neem 2 paaltjies vir 20 lopies.
* Corné Pieterse neem 2 paaltjies vir 29 lopies.
* Corbin Fleetwood neem 1 paaltjie vir 14 lopies.

Framesby wen met 76 lopies.

**Framesby o.15B teen Grey o.15D @ Framesby**
11 Februarie 2026
20 boulbeurte

Beste Kolwers:
* Logan Steynberg teken 28 lopies van 28 balle aan.
* Justin Walto teken 13 lopies van 17 balle aan.
* Evan Greeff teken 10 lopies van 10 balle aan.

Beste Boulers:
* Dawid van der Merwe neem 3 paaltjies vir 8 lopies.
* Ethan Els neem 3 paaltjies vir 14 lopies.
* Reuben Holtzhausen neem 2 paaltjies vir 21 lopies.

Framesby wen met 26 lopies.

**Framesby o.15A teen Hoërskool Punt o.15A @ Hoërskool Punt**
11 Februarie 2026
20 boulbeurte

Beste Boulers:
* Stéan Rauberheimer neem 3 paaltjies vir 6 lopies.
* Matthew Struwig neem 2 paaltjies vir 6 lopies.

Beste Kolwers:
* Matthew Struwig teken 25 lopies, nie uit nie, van 26 balle aan.

Framesby o.15A wen met 10 paaltjies.

**Framesby o.15A teen DF Malan Akademie o.15A @ DF Malan**
13 Februarie 2026
20 boulbeurte

Beste Kolwers:
* Karlu Oosthuizen teken 69 lopies, nie uit nie, van 46 balle aan.
* Dylan Webber teken 61 lopies, nie uit nie, van 41 balle aan.

Beste Boulers:
* Matthew Struwig neem 6 paaltjies vir 2 lopies.
* JT de Lange neem 3 paaltjies vir 16 lopies.

Framesby o.15A wen met 120 lopies.

**Framesby 1ste teen DF Malan Akademie 1ste @ DF Malan**
13 Februarie 2026
20 boulbeurte

Beste Kolwers:
* Dandré Henwick teken 75 lopies van 47 balle aan.
* Miles Feltham teken 31 lopies van 32 balle aan.
* Renquin Goliath teken 21 lopies van 16 balle aan.

Beste Boulers:
* Dandré Henwick neem 2 paaltjies vir 1 lopie.
* Corbin Fleetwood neem 2 paaltjies vir 7 lopies.
* Ruan Matthee neem 1 paaltjie vir 1 lopie.

Framesby wen met 116 lopies.

**Framesby o.15A teen Somerset College o.15A @ Somerset College**
14 Februarie 2026
50 boulbeurte

Beste Boulers:
* Stéan Rauberheimer neem 3 paaltjies vir 19 lopies.
* Jade Hammond neem 3 paaltjies vir 22 lopies.

Beste Kolwers:
* Karlu Oosthuizen teken 35 lopies, nie uit nie, van 62 balle aan.
* Dylan Webber teken 22 lopies van 45 balle aan.

Framesby o.15A wen met 6 paaltjies.

# KRIEKETUITSLAE

**Framesby 1ste teen Somerset College 1ste @ Somerset College**
14 Februarie 2026
50 boulbeurte

Beste Boulers:
* Dandré Henwick neem 3 paaltjies vir 12 lopies.
* Renquin Goliath neem 3 paaltjies vir 22 lopies.
* Corbin Fleetwood neem 2 paaltjies vir 7 lopies.

Beste Kolwers:
* Nicholas Joubert teken 31 lopies, nie uit nie, van 23 balle aan.
* Dandré Henwick teken 8 lopies, nie uit nie, van 6 balle aan.
* Corné Matthee teken 1 lopie van 3 balle aan.

Framesby wen met 6 paaltjies.

**Framesby o.15A teen Paul Roos Gimnasium o.15B @ Paul Roos Gimnasium**
15 Februarie 2026
50 boulbeurte

Beste Kolwers:
* Karlu Oosthuizen teken 43 lopies van 63 balle aan.
* Hanu Koen teken 25 lopies van 57 balle aan.

Beste Boulers:
* Kian Marais neem 3 paaltjies vir 16 lopies.
* Monré Beer neem 3 paaltjies vir 21 lopies.

Framesby o.15A wen met 41 lopies.

**Framesby 1ste teen Hoërskool Outeniqua 1ste @ Somerset College**

Beste Boulers:
* Dandré Henwick neem 2 paaltjies vir 21 lopies.
* Renquin Goliath neem 2 paaltjies vir 27 lopies.
* Corné Pieterse neem 2 paaltjies vir 39 lopies.

Beste Kolwers:
* Ruan Matthee teken 21 lopies van 16 balle aan.
* Corné Matthee teken 19 lopies van 10 balle aan.
* Renquin Goliath teken 18 lopies van 14 balle aan.

Hoërskool Outeniqua wen met 47 lopies.

**Framesby 1ste teen Hoërskool Outeniqua 1ste @ Somerset College**
15 Februarie 2026
20 boulbeurte

Beste Boulers:
* Dandré Henwick neem 2 paaltjies vir 21 lopies.
* Renquin Goliath neem 2 paaltjies vir 27 lopies.
* Corné Pieterse neem 2 paaltjies vir 39 lopies.

Beste Kolwers:
* Ruan Matthee teken 21 lopies van 16 balle aan.
* Corné Matthee teken 19 lopies van 10 balle aan.
* Renquin Goliath teken 18 lopies van 14 balle aan.

Hoërskool Outeniqua wen met 47 lopies.

**Framesby 1ste teen Hoërskool Outeniqua 1ste @ Somerset College**
15 Februarie 2026
20 boulbeurte

Beste Boulers:
* Dandré Henwick neem 2 paaltjies vir 21 lopies.
* Renquin Goliath neem 2 paaltjies vir 27 lopies.
* Corné Pieterse neem 2 paaltjies vir 39 lopies.

Beste Kolwers:
* Ruan Matthee teken 21 lopies van 16 balle aan.
* Corné Matthee teken 19 lopies van 10 balle aan.
* Renquin Goliath teken 18 lopies van 14 balle aan.

Hoërskool Outeniqua wen met 47 lopies.











# DOGTERSKRIEKETUITSLAE

**Framesby 1ste Dogters teen Hoërskool Punt 1ste Dogters @ Hoërskool Punt**
11 Februarie 2026
20 boulbeurte

Beste Boulers:
* Danika Marais neem 6 paaltjies vir 7 lopies.
* Lise-Mari Kemp neem 3 paaltjies vir 12 lopies.

Beste Kolwers:
* Carli Nel teken 7 lopies, nie uit nie, van 9 balle aan.
* Luané Klaasen teken 2 lopies, nie uit nie, van 6 balle aan.

Framesby Dogters wen met 10 paaltjies.

**Framesby 1ste Dogters teen St. Augusteans 1ste Dogters @ Constantia**
12 Februarie 2026
20 boulbeurte

Beste Kolwers:
* Danika Marais teken 60 lopies, nie uit nie, van 33 balle aan.
* Carli Nel teken 28 lopies van 41 balle aan.
* Nicole Jones teken 13 lopies van 19 balle aan.

Beste Boulers:
* Danika Marais neem 3 paaltjies vir 14 lopies.
* Lise-Mari Kemp neem 2 paaltjies vir 5 lopies.
* Luané Klaasen neem 2 paaltjies vir 13 lopies.

Framesby Dogters wen met 66 lopies.

**Framesby 1ste Dogters teen Reddam Constantia 1ste Dogters @ Constantia**
13 Februarie 2026
20 boulbeurte

Beste Boulers:
* Danika Marais neem 3 paaltjies vir 17 lopies.
* Peyton Nortjie neem 2 paaltjies vir 17 lopies.
* Luané Klaasen neem 1 paaltjie vir 15 lopies.

Beste Kolwers:
* Danika Marais teken 47 lopies, nie uit nie, van 21 balle aan.
* Nikita Seaman teken 27 lopies, nie uit nie, van 28 balle aan.
* Carli Nel teken 22 lopies van 29 balle aan.

Framesby Dogters wen met 8 paaltjies.

**Framesby 1ste Dogters teen Wellington College (UK) 1ste Dogters @ Constantia**
14 Februarie 2026
20 boulbeurte

Beste Boulers:
* Peyton Nortjie neem 1 paaltjie vir 30 lopies.

Beste Kolwers:
* Danika Marais teken 47 lopies van 37 balle aan.
* Nikita Seaman teken 10 lopies van 13 balle aan.
* Lise-Mari Kemp teken 10 lopies van 25 balle aan.

Wellington College (UK) Dogters wen met 43 lopies.

**Framesby 1ste Dogters teen Hoërskool Stellenberg 1ste Dogters @ Constantia**
14 Februarie 2026
20 boulbeurte

Beste Kolwers:
* Danika Marais teken 29 lopies van 19 balle aan.
* Carli Nel teken 12 lopies van 18 balle aan.
* Lise-Mari Kemp teken 3 lopies van 13 balle aan.

Beste Boulers:
* Danika Marais neem 1 paaltjie vir 10 lopies.

Stellenberg Dogters wen met 9 paaltjies.



## Danika Marais

vs Hoërskool Punt (t20)
Boul: neem 6 paaltjies vir 7 lopies

vs Reddam Constantia (t20)
Kolf: 47* lopies van 21 balle

vs St Augusteans (t20)
Kolf: 60* lopies van 33 balle
Boul: 3 paaltjies vir 14 lopies

vs Stellenber Hoërskool (t20)
Kolf: 29 lopies van 19 balle

*Mees veelsydigste speler van die toernooi.*

*Baie geluk!*



FRAMESBY SE DNA
★ Christelik
★ Afrikaans
★ Moedertaalonderrig (alle klasse enkelmedium)
★ Vegters op sport- en kultuurgebied
★ Waardegedrewe
★ Toekomsgerig
HANDHAAF EN BOU

# SWEMUITSLAE

**Van ons leerders het die afgelope twee naweke aan galas deelgeneem. Ons deel graag die resultate:**









## B Ligauitslae

**Goue Medaljes (1ste Plek)**
André Strydom (13)
100m Borsslag
50m Borsslag
Carl Andrews (16)
50m Vryslag

**Silwer Medaljes (2de Plek)**
André Strydom (13)
50m Rugslag
100m Vryslag
50m Vryslag
Mia Strydom (14)
100m Vryslag
Carl Andrews (16)
50m Vlinderslag
50m Rugslag

**Brons Medaljes (3de Plek)**
Mia Strydom (14)
50m Vlinderslag
50m Rugslag
Carl Andrews (16)
100m Vryslag



## Distriksliga-uitslae

**Goue Medaljes (1ste Plek)**
André Strydom (13)
100m Borsslag
50m Borsslag
200m Borsslag
200m IM
Minette van Zyl (15)
50m Vlinderslag
200m Vryslag
200m IM
100m Rugslag
100m Borsslag
Carl Andrews (16)
100m rugslag
50m vryslag
200m rugslag
100m vryslag

**Silwer Medaljes (2de Plek)**
André Strydom (13)
50m Vlinderslag
100m Vryslag
50m Vryslag
100m Rugslag
Amalia van der Westhuizen (13)
400m Vryslag
Mia Strydom (14)
400m Vryslag
50m Rugslag
Minette van Zyl (17)
50m Rugslag
100m Vryslag
100m Vlinderslag
50m Vryslag
Carl Andrews (16)
50m Vlinderslag
50m Rugslag

**Brons Medaljes (3de Plek)**
Amalia van der Westhuizen (13)
200m Vryslag

# TENNISUITSLAE

Tennis: Dogters

Ons top 8-dogters het Vrydag, 13 Februarie dubbels en enkels teen DSG gespeel. Met die dubbels het Framesby 1 van die 4 gewen en met die enkelspelwedstryde het Framesby 3 uit die 8 wedstryde gewen. Al die wedstryde was naelskraap en die gees op die bane was hoog. Die meisies het uitstekend gespeel en hul sportsmansgees was van top gehalte.





Week 4 uitslae:
1ste span het teen Pearson gespeel en 4-0 verloor.
3de span het teen Westview gespeel en 4-0 gewen.





Ruan Bellingan het 15 Februarie aan OP Skole se Intersone-distrikstoernooi in Grahamstad deelgeneem. Vyf distrikte het aan die toernooi deelgeneem, wat uit dubbels en gemengde dubbels bestaan het. Die OP Olifante van NMB het as die wenners uit die stryd getree. Ruan en sy spanmaats het vyf uit die ses wedstryde gewen. Baie geluk!

# PADWEDLOOPUITSLAE

LOVE-2-RUN-5 KM-PADWEDLOOP:

'n Groepie van Framesby se landloopatlete het ook aan die Love-2-run-5km-pretdraf deelgeneem. Die Roberts-broers het geskitter en onder die eerste drie atlete geëindig. Wian Roberts behaal algeheel 'n tweede plek in 'n tyd van 18:15 sekondes en sy broer, Stefan, behaal 'n derde plek in 'n tyd van 18:52. Baie geluk aan die twee broers.







RUN 2-LOVE-10KM-PADWEDLOOP

'n Paar van Framesby se middelafstandatlete het aan die Run 2-Love-padwedloop deelgeneem. Die Vermaak-tweeling het weer eens geskitter. Chloe behaal 'n eerste plek in 'n tyd van 47:05 en haar suster, Kylie, eindig in die tweede plek met 'n tyd van 47:12. Baie geluk aan al ons deelnemers.




FRAMESBY SE DNA
★ Christelik
★ Afrikaans
★ Moedertaalonderrig (alle klasse enkelmedium)
★ Vegters op sport- en kultuurgebied
★ Waardegedrewe
★ Toekomsgerig
HANDHAAF EN BOU

# BUITESPORTUITSLAE

## Perdry

Kiara Hough het die afgelope naweek aan die Barrel Racing South Africa Qualifier deelgeneem. Sy het drie 2de plekke en 'n 3de plek behaal. Baie geluk!









FRAMESBY-OPVOEDKUNDIGE TRUST

# KLUB 1000/100 Lede

## Oudskolier

Mornay Heunis *(matriek 1986)*
Chris Knoetze *(matriek 1988)*
Rinaldo Loftie-Eaton *(matriek2000)*
Ernst Stapelberg *(matriek2013)*
Pienaar Agenbag *(matriek 1988)*
Bernard McDonald *(matriek2016)*
Jacqueline van Heerden *(matriek 1997)*
Louis Gerber *(matriek 1996)*
Rudi Gerber *(matriek 1986)*
Anelle Bailey *(matriek 1994)*
Ryno Lingerfelder *(matriek1999)*
Tania Crouse (*matriek 1995)*
Jonathan Gardiner *(matriek2000)*
Morne Barnard *(matriek 1991)*
Gerhard Meiring *(matriek1998)*
Konrad de Villiers *(matriek2006)*
Henry Claassen *(matriek 1991)*
Andrè Hough *(matriek 1988)*
Hanlie Potgieter *(matriek 1988)*
Charl De Lange *(matriek 2003)*
Anoniem *(matriek 2009)*
Anoniem *(matriek 1996)*
Lourens Grundling *(matriek2006)*
Marieta Kemp *(matriek 1973)*
Mariette Geldenhuys *(matriek2000)*
Conrad Wagener *(matriek 1995)*
Jannie vd Merwe *(matriek1993)*
Craig Gardiner *(matriek 1995)*
Mark Bradshaw *(matriek 1984)*
Marcel Bradshaw *(matriek1983)*
Riette Gerber *(matriek 2006)*
Dion Rademeyer *(matriek 1983)*
Elmarie Loftie-Eaton *(matriek 2003)*
Pieter Coffee *(matriek 1995)*
Craig Gardner (matriek 1995)
Hester Geissler *(matriek 1995)*
Eugene Nolan *(matriek 2007)*

## Ouers, Oudouers / Beheerliggaam

Mariaan Botha (ouer)
Karl du Preez (oudouer)
Anél Ferreira (ouer)
Niel Louw (ouer)
Petra Gouws (ouer)
Wynand Wessels (ouer)
Werner Edwin Olivier (ouer)
Masunet Strydom (ouer)
Dirk Kotze (ouer)
Lynette Stumke (ouer)
Hugo Maritz (ouer)
Pietie Ferreira (ouer)
Rayno vd Merwe (ouer)
Eugene de Lange (oudouer)
Henry Benn (ouer)
Yolande Gouws
Johan le Grange (ouer)
Yolandi Fourie (ouer)
Johannes Willem Muller (ouer)
Abrie Myburg (ouer)
SP Engelbrecht (ouer)
Dian Jordan Du Preez (ondersteuner)
Riekie de Beer (ouer)
Bertie Geissler (ouer)
Eben Gerber (ondersteuner)

## Personeel / Oudpersoneel

Marius Germishuys *(skoolhoof)*
Annel Germishuys *(personeel)*

FRAMESBY SE DNA
★ Christelik
★ Afrikaans
★ Moedertaalonderrig (alle klasse enkelmedium)
★ Vegters op sport- en kultuurgebied
★ Waardegedrewe
★ Toekomsgerig
HANDHAAF EN BOU

**Vorms op ons webtuiste beskikbaar!**

FRAMESBY-OPVOEDKUNDIGE TRUST

# KLUB 1000/100 barometer



# FRAMESBY
## OUDSKOLIERE (FOS)

*Beste Oudskolier. Ons wil julle graag van gebeure rondom jul alma mater op hoogte hou. Om hierdie rede wil ons graag ons databasis op datum bring en vra dat alle oudskoliere asb. die volgende inligting na* ***fos@framesby.co.za*** *sal e-pos.*

NAAM EN VAN :

NOOIENSVAN:

ID-NOMMER:

JAARTAL GEMATRIKULEER:

ADRES:

PROVINSIE:

BEROEP:

TELEFOON:

SELFOONNOMMER:

E-POSADRES:

***U inligting bly hoogs vertroulik.***

**Die rede hoekom ons u ID-nommer benodig, is om te verhoed dat ons duplikate op ons stelsel stoor.**

FRAMESBY-OPVOEDKUNDIGE TRUST

# KLUB 1000/100




Sluit aan by Framesby se Klub 1000/100 en word deel van 'n skool van uitnemendheid. Na vele navrae van ons alumni is die konsep van dié Klub gebore. Klub 1000/100 gee almal die kans om steeds betrokke te wees by die skool en die blink toekoms daarvan te verseker. Dit maak nie saak of jy jou in Suid-Afrika of oorkant die waters bevind nie. Jy kan 'n bydrae maak! 'n Maandelikse bydrae van R100 kan in die Framesby Opvoedkundige Trust gedeponeer word. Hierdie trust word aangewend vir die welstand en vooruitgang van die skool. Die fondse sal deur die Trust bestuur word. Die aanwending van die befondsing sal bepaal word deur die skool en die Trust se komitee. Daar sal elke jaar 'n finansiële verslag deurgegee en geoudit word. Die proses is dus deursigtig en lede kan sien hoe hul skenkings aangewend word.

PROSES OM BY DIE KLUB 1000/100 BETROKKE TE RAAK

1) Laai aansoekvorm van Hoërskool Framesby se webtuiste af.
2) E-pos voltooide vorm na fos@framesby.co.za
3) U naam sal weekliks in die Fakkel-Flitse onder Klub 1000/100 lede verskyn.
4) Hou ons groeiende barometer dop. Dit sal op die voorblad van die Fakkel-Flitse verskyn. Dankie aan oudleerders, ouers, onderwysers en passievolle ondersteuners vir u bydrae.



# Hoërskool Framesby

# Krieketakademie

IN SAMEWERKING MET YOUTH RISERS KRIEKETAKADEMIE

YOUNG RISERS
KRIEKETAKADEMIE

| 0.9 EN 0.10 | 0.11 - 0.13 |
|---|---|
| ELKE MAANDAGMIDDAG | ELKE DINSDAGMIDDAG |
| 17:00 - 18:00 | 17:00 - 18:00 |
| VANAF 2 FEBRUARIE 2026 | VANAF 3 FEBRUARIE 2026 |

EINDIG 23 EN 24 MAART 2026

SKRYF IN DEUR DIE VOLGENDE SKAKEL TE VOLG:

https://forms.gle/68awLhUyMRTypsFY6

## Afrigter



AUBREY FERREIRA

FRAMESBY SE DNA
★ Christelik
★ Afrikaans
★ Moedertaalonderrig (alle klasse enkelmedium)
★ Vegters op sport- en kultuurgebied
★ Waardegedrewe
★ Toekomsgerig
HANDHAAF EN BOU



# Hoërskool Framesby

# Rugbyakademie

IN SAMEWERKING MET LINE BREAK RUGBY DEVELOPMENT

KOSTES R450 VIR 6 SESSIES OF
R150 PER SESSIE

OUDERDOMSGROEPE: O.10/ O.11 / O.12/ O.13

16,23,30 JANUARIE EN
6,13,20 FEBRUARIE

TYD 14:45-15:45

SKRYF IN DEUR DIE VOLGENDE SKAKEL TE VOLG:

https://forms.gle/68awLhUyMRTypsFY6

## Afrigters




RENIER DE VILLIERS




ANRICH ALBERTS




JOHAN MEYER

Fuizza

IZULU.

PLATŌ
COFFEE SCULPTED
COMMUNITY INCLUDED

FRAMESBY SE DNA
★ Christelik
★ Afrikaans
★ Moedertaalonderrig (alle klasse enkelmedium)
★ Vegters op sport- en kultuurgebied
★ Waardegedrewe
★ Toekomsgerig
HANDHAAF EN BOU


Hoërskool Framesby
Netbalakademie
JANUARIE 2026:
14/16/30
FEBRUARIE 2026:
4/11/18/20
MAART:
4/11/13/18/25/27
14:30 - 15:30
R80
PER SESSIE
NAVRAE:
0.7 - 0.10
JOHANN: 081 852 2584
0.11 - 0.13
CHARMAINE 079 885 5416
FOKUSPUNTE:
BASIESE VAARDIGHEDE
VERDEDIGING
VOETWERK
AANVAL
DOELWERK
SKRYF IN DEUR DIE SKAKEL TE VOLG:
https://forms.gle/CKS7Q7tZTkdeiWhA6
Afrigters
JOHANN VAN DER WALT
CHARMAINE BEETGE
FRAMESBY SE DNA
★ Christelik
★ Afrikaans
★ Moedertaalonderrig (alle klasse enkelmedium)
★ Vegters op sport- en kultuurgebied
★ Waardegedrewe
★ Toekomsgerig
HANDHAAF EN BOU



## Hoërskool Framesby

# Hokkieakademie

**Maandae**
17:30-18:30

GRAAD 1-7

R100 PER SESSIE

| | |
|---|---|
| 9 | FEBRUARIE |
| 16 | FEBRUARIE |
| 23 | FEBRUARIE |
| 2 | MAART |
| 9 | MAART |
| 16 | MAART |

SKANDEER DIE QR-KODE OM TE REGISTREER

DIE KLINIEK WORD AANGEBIED DEUR 'N HUIDIGE NASIONALE MEESTERS- AFRIGTER, HUIDIGE PROVINSIALE AFRIGTERS EN OUD-NASIONALE SPELERS

## Afrigters




CHANELLE VAN ZYL



JORDAN DRURY



JESSY COLTMAN

VIR MEER INLIGTING KONTAK JORDAN DRURY
082 887 53 33

FRAMESBY SE DNA
★ Christelik
★ Afrikaans
★ Moedertaalonderrig (alle klasse enkelmedium)
★ Vegters op sport- en kultuurgebied
★ Waardegedrewe
★ Toekomsgerig
HANDHAAF EN BOU